

Workers World Media Productions pre-recorded radio interview Afrikaans Seksuele oortredings en volwasse prostitusie

1. Taak van die Kommissie:

Die taak van die Kommissie is die ontwikkeling, verbetering en modernisering van die Suid Afrikaanse Reg. Projek 107 van die Kommissie handel oor seksuele oortredings en hierdie deel van die projek fokus spesifiek op volwasse prostitusie.

2. Verduidelik die hervormings proses van volwasse prostitusie:

Die Kommissie het op 6 Mei 2009 'n besprekingsdokument oor volwasse prostitusie gepubliseer. Die doel van die besprekingsdokument was om kommentaar van rolspelers in te win wat gebruik sal word om die Kommissie se verslag en voorgestelde wetgewing op te stel.

Die hoofdoel van die ondersoek is om die bestaande gefragmenteerde wetgewing wat tans op volwasse prostitusie van toepassing is te konsolideer. Die tweede doel is om die impak van die huidige wetgewing op prostitute en die noodigheid vir regshervorming te oorweeg. As deel van die proses word alternatiewe maniere om prostitusie te reguleer, voorkom en verminder, ondersoek.

'n Besprekingsdokument word gevolg deur 'n verslag. Die Kommissie beplan om die verslag te finaliseer teen einde Februarie 2011. Die verslag sal die Kommissie se aanbevelings omtrent regshervorming sowel as voorgestelde wetgewing bevat. Sodra goedgekeur deur die Kommissie, sal die verslag aan die Minister van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling oorhandig word vir oorweging.

3. Verduidelik die verskillende opsies wat reeds deur die Kommissie geïdentifiseer is.

Huidiglik is prostitusie ten volle gekriminaliseer in Suid Afrika, dit wil sê die vrywillige verkoop van volwasse prostitusie, die koop daarvan sowel as alle ander handeling wat met prostitusie verband hou, is kriminele oortredings.

Dit is belangrik daarop te let dat al die opsies wat in die besprekingsdokument uiteengesit word voorveronderstel dat prostitusie van minderjariges, gedwonge prostitusie en prostitusie wat voortspruit uit mensehandel onwettig is en behoort te wees.

Die Kommissie bespreek 4 alternatiewe opsies in die besprekingsdokument:

Die eerste is die **algehele kriminalisasie opsie** waarvolgens die optrede van alle persone betrokke in volwasse prostitusie kriminele oortredings is - dit is die huidige posisie in Suid Afrika.

Die tweede is die **gedeeltelike kriminalisasie opsie** waarvolgens die optrede van koppelaars, bordeel eienaars, mensehandelaars en moontlik ook die van kliënte gekriminaliseer word. Aangesien prostitute as slagoffers van dié rolspelers beskou word, is hul optrede nie kriminele oortredings nie.

Die **regulering opsie** is ook bekend as wettiging van prostitusie. Ingevolge hierdie opsie word prostitusie gereguleer deur byvoorbeeld lisensiëring van bordele, registrasie van prostitute en spesiale gebiede waar prostitusie toegelaat word. Hiervolgens is prostitusie wettig binne die voorgeskrewe raamwerk en enige prostitusie aktiwiteite daarbuite is steeds kriminele oortredings.

Onder die **non-kriminalisasie opsie** is prostitusie 'n wettige werk en die gewone wetgewing van die land is van toepassing. Alvorens arbeidsreg ook van toepassing op prostitusie sal wees, sal die Suid Afrikaanse regering 'n beleidsbeslissing te dien effekte moet neem.

4. Verduidelik waarom die Kommissie nie 'n standpunt het omtrent prostitusie en die 2010 die Sokker Wêreld Beker Eindtoernooi nie?

Die ondersoek word nie gedoen met die oog op die 2010 toernooi nie en is ook nie gemik op kort termyn oplossings vir prostitusie in Suid Afrika nie. Daarom sal die Kommissie nie voor die toernooi enige aanbevelings maak in die verband nie.

Die breëer ondersoek na Seksuele Misdade het reeds in 1998 begin en terwyl sekere dele daarvan reeds afgehandel is, is ander soos dié na vrywillige volwasse prostitusie in die proses van afhandeling. Die oogmerk is om oor tyd die strafregposisie ten opsigte van seksuele oortredings in geheel te hersien.